



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018



MEGANIESE OES VAN WYNDRUIWE

6. OPLEISTELS EN WINGERDUITLEG VIR MEGANIESE OES

Indien meganisering van 'n wingerd oorweeg word, moet die wingerd-uitleg daarvoor geskik wees. Dit sluit die fisiese uitleg, snoeipraktyke, asook die lowerbestuur in. Indien die laasgenoemde nie vir meganiese oes uitgelê is nie, kan dit tot verliese en skade aan die wingerd lei.

6.1 Uitleg van die wingerd

- Die rye van wingerde wat meganies geoes gaan word, moet so lank as prakties moontlik wees.
- Draaisirkels van 6-7 m, hellings van minder as 18 % en 'n kordondraad op minstens 900 mm hoogte bo die grond en 'n prieëlwydte van minder as 1 m is gewens.
- Dikker ankerpale (100-125 mm Ø) en binne-pale (75-100 mm Ø) as vir wingerde wat met die hand geoes word, moet gebruik word. Maak seker dat die pale baie goed behandel is bv. onder druk geïmpregneer is.
- In gevalle waar die wingerdstokke ook meganies gesnoei word, moet die binne-pale nie verder as 6 m uitmekaar geplant word nie.
- Daar moet nie stokke tussen die anker en die ankerpaal geplant word nie.
- Besproeiingspype moet nie in die pad van die opvangbakkies of -plate kom nie.
- Die stamme van die wingerdstokke moet so reguit as moontlik wees sodat die opvangmeganismes dig om die stamme kan sluit sonder om dit te beskadig.
- Gebruik lang kramme om drade aan die pale vas te maak, sodat dit nie tydens oes losgeskud word en tussen die duiwe beland nie. Andersins moet die drade met dunner binddraad aan die houtpale vasgemaak word. 'n Ander opsie is om gate vooraf in die pale te boor en die drade daardeur te ryg (Fig. 1).

o Laasgenoemde het egter twee nadele, nl.

- 1) wanneer die wingerd uitgehaal word kan die lowerdrade nie met gemak opgerol word en weer gebruik word nie. Dit moet uit die pale geryg word en hierdie aksie is tydrowend. 'n Ander opsie is om dit by elke paal te knip, maar dan kan dit nie weer gebruik word nie.
- 2) Die gate wat in die pale geboor is, is potensieële penetrasiepunte vir reën en besproeiingswater, wat tot die vrot van die pale kan lei. Dit is veral die geval by harde houtsoorte waar die penetrasie van die houtbehandelingschemikalieë nie voldoende was nie.



Figuur 1: Voorbeeld van 'n paal waarin daar vooraf 'n gat deurgeboor is en die kordondraad deurgeryg is. (Foto: Robert Stolk)

- Y-tipe ysterstanders kan oorweeg word i.p.v. houtpale by die vestiging van blokke wat meganies geoes gaan word (Fig. 2).
- Gegalvaniseerde metaalpale word deesdae meestal in die buiteland gebruik. Dit is dunner, meer buigbaar en minder duiwe word rondom die pale agter gelaat as by die dikker houtpale. Ongelukkig is metaalpale duurder as hout.
- Met die afname in die beskikbaarheid van hout sal metaal in die toekoms as 'n opsie oorweeg moet word. Verder bestaan die moontlikheid dat metaalpale meer as een keer gebruik kan word.



Figuur 2: Y-tipe ysterstander. (Foto: Vink Lategan)

6.2 Verbouingspraktyke wat met wingerd-uitleg gepaard gaan

- By lang rye moet die opvangbak van die oesmasjien die hele ry se duiwe kan opvang. Waar dit nie moontlik is nie, bv. by hoë produserende wingerd, moet daar eerder na 'n masjien met 'n geut gekyk word
- Enige enkel vertikale lootpositionering (VLP) prieselstelsel kan meganies geoes word. Die lower moet egter nie te dik wees nie en daar moet ook nie lote wees wat oor die boonste lowerdraad hang en 'n gordyn vorm nie. Wingerde wat betyds voor meganiese oes getop word (gewoonlik is hierdie aksie ook meganies), oes normaalweg beter as in gevalle waar die lower oorhang.
- Smart-Dyson en Balletrok opleistelsels kan ook soortgelyke probleme veroorsaak en moet dus ook eers getop word voor dit meganies geoes kan word. Alle masjiene oes nie ewe maklik die Balletrok opleistelsel nie. Masjiene waarvan die vervoerband uit bakkies bestaan, werk gewoonlik baie goed. Masjiene met opvangplate is geneig om die lote saam te sleep. Dus moet die lote wat laag afhang voor oes getop word. Daar is ondervind dat Smart-Dyson stelsels sonder probleme meganies geoes kan word.
- In Europa waar die Guyot snoeistelsel in wingerde gebruik word, is die lower nie so dik nie. By elke ogie op die langdraer bot daar net een loot uit en die aantal lote word dus beperk tot die aantal toegekende oë. In die geval van die kortdraersnoeistelsel bestaan die moontlikheid dat meer lote as die toegekende aantal oë op 'n tappie kan uitbot.
- Tydens snoei, moet draers so gekies word dat dit so vertikaal as moontlik is en nie horisontaal nie. Horisontale draers breek maklik af en kan die oesproses bemoeilik. Duiwe moet verkieslik egalig in 'n eenvormige sone gedra word sodat die slanners dit gerieflik kan bykom.
- Rondom dikker anker- en binne-pale (Fig. 3) bly daar gewoonlik duiwe agter wat nie deur die oesmasjien afgeskud word nie. Hierdie duiwe moet op dieselfde dag met die hand geoes word, mits die tonnemate van hierdie duiwe die oeskoste daarvan kan regverdig.



Figuur 3: Voorbeeld waar duiwe in die wingerd agtergebly het weens dikker binne-pale. (Foto: Robert Stolk)

6.3 Vooruitgang in meganiese oes in die buiteland

Daar is reeds in die middel 1960's in oorsese lande soos Italië met studies begin om die groot oorhoofse kostes van wingerdverbouing te verminder. Hulle ervaring dui daarop dat Suid-Afrika ook in die nabye toekoms dringend aan veral die koste van handoes aandag sal moet gee.